
# WESSELS V DE JAGER EN DIE REPUDIËRINGSKONSTRUKSIE IN DIE INSOLVENSIEREG

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Legum in Boedelbeplanning aan die Noordwes-Universiteit – Potchefstroomkampus



deur

Theunis Petrus Ebersohn
11736372

Studieleier: Mnr Japie Coetzee

2005

# WESSELS V DE JAGER EN DIE REPUDIëRINGSKONSTRUKSIE IN DIE INSOLVENSIEREG

THEUNIS PETRUS EBERSOHN

## Bedankings

Eerstens wil ek die Hemelse Vader bedank vir die geleentheid wat Hy my gegee het om verder te kon studeer. Sonder Sy krag en genade sou ek dit weliswaar nie kon afhandel nie want dit het somtyds maar broekskeur gegaan.

My vrou, Marlene, vir haar opofferings en ondersteuning. Dit het baie van my tyd in beslag geneem en ek moes baie aande tot laat werk. Sy het my deurentyd aangemoedig en in my geglo.

'n Besonderse dank van waardering aan my studieleier, mnr Japie Coetzee, vir sy bystand en sy leiding met die skryf van hierdie skripsie. Sonder sy waardevolle insette sou dit voorwaar 'n baie moeiliker taak gewees het. Sy deur het altyd vir my oopgestaan. Baie dankie daarvoor.

Aan Cecile Combrink vir die taalversorging van die skripsie. Baie dankie daarvoor.

**Abstract**

This mini-dissertation is primarily concerned with finding a solution to the problem regarding the repudiation of an inheritance by an insolvent. It is argued in the *Wessels v De Jager* case that when an insolvent repudiates an inheritance with the sole purpose of keeping the inheritance from being absolved by his creditors, such repudiation constitutes an act of insolvency. It is trite law that certain acts of insolvency can be rescinded in terms of section 26 of the *Insolvency Act.*

To this end extensive use has been made of cases regarding this issue. *Wessels v De Jager* is the main point of departure regarding this study as it is the most recent case to establish a precedent.

The court in *Wessels* found that the repudiation by an insolvent did not constitute an act of insolvency. In view thereof, it is suggested that the court erred in its finding in that the court based its decision primarily on the *stipulation alteri.* The *stipulation alteri* is an inherent contractual phenomenon.

It is suggested that repudiation by an insolvent should be regarded as an act of insolvency. The corresponding reason for this premise is that when even at *delatio* certain rights exist. These rights are contingent or vested rights. The definition of asset in section 2 of the *Insolvency Act* is inclusive of contingent interests. Section 8 of the *Insolvency Act* stipulates that when an insolvent alienates his assets in such a way as to prejudice his creditors, such alienation constitutes a deed of insolvency.

It is therefore argued that the repudiation of an inheritance by an insolvent heir is a deed of insolvency in terms of section 8 of the *Insolvency Act* which can be set aside by the court.

Inhoudsopgawe iii

Bedankings i

Abstract ii

1 Inleiding 1

2 Die bepalings van die *Insolvensiewet* 3

3 Die begrippe "Gevestigde regte" en "Voorwaardelike regte" 6

*3.1 Gevestigde regte* 6

*3.2 Voorwaardelike regte* 9

*3.3 "Spes"* 14

4 Repudiasie van 'n bemaking 17

*4.1 Die posisie voor Wessels* 17

*4.1.1 Kellerman – denkrigting* 18

*4.1.2 Boland Bank – denkrigting* 23

*4.2 Die posisie sedert Wessels* 25

5 Repudiasie – 'n daad van insolvensie of 'n vervreemding sonder teenwaarde? 29

6 Gevolgtrekking 32

Bibliografie 35

## WESSELS V DE JAGER EN DIE REPUDIËRINGSKONSTRUKSIE IN DIE INSOLVENSIEREG

### 1 Inleiding

In *Wessels v De Jager*[1] was die partye[2] tot die huwelik buite gemeenskap van goedere getroud. Meneer Wessels[3] word gesekwestreer en mevrou Wessels neem na sy sekwestrasie, maar voor sy rehabilitasie, 'n versekeringspolis op haar lewe uit. In die versekeringspolis wys sy die insolvent as die bevoordeelde aan. Sy kom sonder 'n testament te sterwe wat verder meebring dat die insolvent 'n intestate erfgenaam van haar word. Na sy vrou se afsterwe repudieer die insolvent die versekeringsvoordeel en die intestate erfporsie.

Die kurator[4] van die insolvent was van oordeel dat die reg van 'n insolvent om gedurende insolvensie 'n versekeringsvoordeel en intestate erflating te ontvang 'n 'reg' is wat in die kurator setel en dus 'n bate is in die insolvent se boedel. Die appèlhof, by monde van Van Heerden HR, verskil egter van die kurator en bevind dat dit nie die geval is nie.[5]

---

[1] *Wessels v De Jager* 2000 4 SA 925 (SCA). Hierna *Wessels* genoem.
[2] Die partye was meneer Wessels en mevrou Wessels.
[3] Voortaan die insolvent genoem.
[4] Die kurator was De Jager en voortaan word verwys na die kurator.
[5] Van Heerden HR beslis dat 'n 'reg' in regsterminologiese taal nie in die abstrak kan bestaan nie omdat dit maar een pool van 'n verbintenis is waarvan die ander 'n verpligting is. Die hof bevind dat indien 'n aanbod aan die insolvent gemaak word, verkry hy 'n bevoegdheid om dit aan te neem. Daar is volgens die hof geen sprake van 'n reg (dus 'n bate) wat die derde onmiddellik verkry nie. Gevolglik bevind die hof dat die versekeringsvoordeel nie in die kurator vestig nie. Wat die intestate erfenis betref is die hof dieselfde mening toegedaan. Die hof bevind dat by testate en intestate erfopvolging die insolvent slegs 'n bevoegdheid verkry en geen reg nie. Die insolvent verkry slegs 'n reg indien hy die voordeel aanvaar. Ten opsigte van die versekeringsvoordeel stem skrywer saam met die hof. In hierdie geval is die versekeringsvoordeel gebaseer op die kontrakte regtelike beginsel van *stipulatio alteri.*

Die vraag wat nou beantwoord moet word, is wat die invloed van die *Wessels*-uitspraak is op die regsposisie by insolvensie in geval van repudiasie van 'n erfenis of versekeringsvoordeel.[6]

Ten einde die werklike impak van die *Wessels* beslissing spesifiek op die Insolvensiereg te ondersoek, is dit ter aanvang nodig om te weet wat die *Insolvensiewet*[7] bepaal ten opsigte van aspekte soos dade van insolvensie, tersydestelling van vervreemdings en begrippe soos "goed" en "repudiasie".

[6] Sien par 3 hieronder.
[7] *Insolvensiewet* 24 van 1936.

## 2 Die bepalings van die *Insolvensiewet*[8]

Artikel 8(C) van die *Insolvensiewet*[9] bepaal dat 'n skuldenaar 'n daad van insolvensie pleeg as hy sy goed op só 'n wyse vervreem of poog om te vervreem dat sy skuldeisers daardeur benadeel word of sou kon word.

Volgens die omskrywing van die term "goed" in artikel 2 van die *Insolvensiewet*[10] vorm voorwaardelike regte ook deel van die insolvente boedel. Artikel 2 omskryf "goed" as:

> "Goed" beteken roerende of onroerende goed, waar ook al in die Republiek geleë en omvat voorwaardelike regte op goed met die uitsondering van die voorwaardelike regte van 'n fideikommissêre erfgenaam of legataris.
>
> "Onroerende goed" beteken grond en elke reg op grond of minerale wat geregistreer kan word in 'n kantoor in die Republiek wat bestem is vir die registrasie van grondtitels of die reg om te myn.
>
> "Roerende goed" beteken elke soort goed en elke reg wat nie onroerende goed is nie.

Vervreemding in artikel 2 van die *Insolvensiewet*[11] word omskryf as:

> 'n oordrag of afstand van regte op goed en omvat 'n verkoop, huur, verband, pand, lewering, betaling, kwytskelding, skikking, skenking of 'n kontrak in die sin, maar omvat nie 'n vervreemding tot voldoening van 'n order van die hof nie.

8 *Insolvensiewet* 24 van 1936.
9 *Insolvensiewet* 24 van 1936.
10 *Insolvensiewet* 24 van 1936.
11 *Insolvensiewet* 24 van 1936.

As dus bevind sou word dat dit wat die insolvent van sy eggenoot verkry het, "goed" was en sy daaropvolgende repudiasie 'n vervreemding was tot nadeel van sy skuldeisers, behoort artikel 8 (C) toepassing te vind.[12] Dit volg dan dat so 'n erfgenaam 'n daad van insolvensie pleeg.

Artikel 26(1) van die *Insolvensiewet*[13] bepaal:

> Elke vervreemding van goed sonder teenwaarde kan deur die hof tot niet gemaak word as daardie vervreemding gedaan is deur 'n insolvent-
>
> (a) ...
>
> (b) binne twee jaar voor die sekwestrasie van sy boedel en die persoon wat kragtens die vervreemding 'n vordering inbring of wat daardeur bevoordeel is, nie kan bewys dat onmiddellik na die vervreemding die bate van insolvent sy skulde te bowe gegaan het.

Ook vir hierdie bepaling om toepassing te vind, sal bepaal moet word of die insolvent "goed" gehad het en of sy repudiasie 'n vervreemding was onder die omstandighede soos uiteengesit in die gemelde artikel 26. Is dit die geval, sal so 'n vervreemding ter syde gestel kan word om sodoende die vervreemde bate terug te plaas binne die insolvente boedel en ter beskikking van alle skuldeisers ooreenkomstig die bepalings van die *Insolvensiewet*.[14] [15]

---

[12] Sien par 4 hieronder.
[13] *Insolvensiewet* 24 van 1936.
[14] *Insolvensiewet* 24 van 1936.
[15] Soos hierbo waarneembaar, handel artikel 26 van die *Insolvensiewet* oor vervreemding sonder teenwaarde. In terme van hierdie artikel beskik die trustee van 'n insolvente boedel oor die bevoegdheid om by die hof aansoek te doen om sekere vervreemdings sonder teenwaarde wat gemaak is voor sekwestrasie van die boedel, tersyde te stel. Die bewyslas verskil ten opsigte van wanneer die bates vervreem is. Richard Stevens *RIP TESTATOR*: *Wessels NO v De Jager en 'n ander NNO* voer aan dat indien die vervreemding binne twee jaar voor sekwestrasie gemaak is sal die bewyslas op die erfgenaam rus om aan te toon dat die waarde van sy bates sy laste oorskry het al sou hy sy voordeel vervreem. In *Estate Wege v Estate Strauss* 1932 AD 76 bepaal die hof op bl 84 dat die eienaar van 'n saak of persoon wat as gevolg van 'n testateur se nalatenskap verkry het, nie die saak kan vervreem, aan iemand anders gee of skenk indien hy of sy nie 'n teenwaarde of te wel 'n korresponderende *quid pro quo* daarvoor ontvang het nie. Smith *The Law of Insolvency* (1988) 121-124 sê dat in die lig van die algemene formulering van artikel 26 van die *Insolvensiewet* vind dit behoudens enkele statutêre uitsonderings, toepassings op alle vervreemdings sonder teenwaarde van bates wat reeds deel van die boedel van die latere

Dit blyk uit die definisie van artikel 2 dat die betekenis van roerende en onroerende goed vir sigself spreek, maar dieselfde kan nie gesê word van "voorwaardelike regte" nie. Die vraag is of met voorwaardelike regte in dié konteks bedoel word regte wat reeds gevestig het in die insolvent, maar nog voorwaardelik is in die sin van nog nie afdwingbaar nie weens een of ander tydsverloop wat nog moet plaasvind of alternatiewelik regte wat nog voorwaardelik is in die sin dat dit nog moet vestig. Om hierdie vraag na behore te beantwoord is dit nodig om eers die begrippe "gevestigde regte" en "voorwaardelike regte" van nader te beskou.

insolvent gevorm het indien die kurator van die insolvente boedel later kan aantoon dat dié direk na die vervreemding sonder teenwaarde die bates oorskry het.

## 3 Die begrippe "Gevestigde regte" en " Voorwaardelike regte"

Die vraag kan tereg gevra word of gevestigde regte en voorwaardelike regte verskillende uiteenlopende begrippe en betekenisse daarstel of alternatiewelik of gevestigde regte bloot die teenoorgestelde is van voorwaardelike regte. Die einddoel is om te probeer bepaal wat werklik in die insolvensiereg bedoel word met die begrip "voorwaardelike regte".

### *3.1 Gevestigde regte*

Volgens die erfreg verkry 'n testate of intestate bevoordeelde 'n gevestigde reg sodra die boedel van die oorledene ten opsigte van daardie vordering oopval.[16] Daar moet egter onderskei word tussen die feit dat 'n vorderingsreg ontstaan het en die afdwingbaarheid van die reg. Die oomblik wanneer die boedel oopval (*delatio*) en die tydstip waarop die regte wat by *delatio* ontstaan afdwingbaar is, verskil en moet ook van mekaar onderskei word. Die oomblik van *delatio* staan bekend as *dies cedit* en die tydstip waarop die vorderingsreg afdwingbaar word is *dies venit.*[17] In die praktyk is *dies cedit* gewoonlik die dood van die erflater en *dies venit* die afhandeling van die boedel. Letterlik vertaal beteken *dies cedit* dat die dag sal kom en *dies venit* die dag het gekom. Wanneer die datum van *dies venit* aanbreek en die vorderingsreg afdwingbaar word, deur middel van registrasie, lewering of sessie, kan daar gesê word dat die bevoordeelde eiendomsreg daaroor verkry. Eiendomsreg word vir alle praktiese doeleindes verkry wanneer die likwidasie- en distribusierekening afgehandel is.

In *Ex Parte Webb*[18] het Neser R 'n onderskeid tussen *dies cedit* en *dies venit* getref en verklaar dat 'n erfgenaam onmiddellik na die afsterwe van die erflater 'n reg op die saak verkry, maar dat sodanige saak slegs opeisbaar word wanneer

[16] Corbett ea "The Law of Succession in South Africa" 132 ev.
[17] Van der Merwe en Rowland "Die Suid-Afrikaanse Erfreg" 9 – 10.

die finale likwidasie- en distribusierekening afgehandel is en die reg dan 'n roerende of onroerende saak word. Hieruit kan dus afgelei word dat 'n erfgenaam gevestigde regte by *dies cedit* verkry wat normaalweg by die dood van die erflater plaasvind.[19]

In *Greenberg and Others v Estate Greenberg*[20] het Centlivres R die aard van 'n gevestigde reg van 'n erfgenaam soos volg beskryf:

> The position under our modern system of administering deceased estates is that when a testator bequeaths property to a legatee the latter does not acquire the *dominium* in the property immediately on the death of the testator but what he does acquire is a vested right to claim from the testator's executors at some future date delivery of the legacy, i.e. after confirmation of the liquidation and distribution account in the estate of the testator.
>
> If, for instance, immovable property is bequeathed to a legatee, he acquires a vested right as at the death of the testator but he does not acquire the *dominium* in that property until it is transferred to him by the executor. If that property has to be sold in order to pay the debts of the estate, the legatee may never acquire the *dominium* in that property.

In *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe*[21] verklaar Centlivres AR die volgende:

> Again when heirs are appointed, the *dominium* of the deceased's estate is said to vest on the death of the deceased on the heirs. In such a case it seems to have been assumed that the effect of the

---

[18] *Ex Parte Webb* 1952 2 SA 541 (W) 544 – 545.
[19] Van der Merwe en Rowland "Die Suid-Afrikaanse Erfreg" 13.
[20] 1955 (3) SA 361 (A) 364 G-H het die hof beslis dat die legataris nie die dominium in die legaat tydens *dies cedit*, met ander woorde by die dood van die erflater, verky nie. Die legataris verkry wel 'n gevestigde saaklike reo om die legaat van die eksekuteur(s) van die erflater se boedel te verkry op 'n toekomstige datum.
[21] *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe* 1943 AD 656 692.

> will is that the death of the deceased the *dominium* of the deceased's estate becomes vested in the heirs... But this cannot mean that the heirs are vested with the ownership of specific assets in the estate, for what is vested in the heirs is the right to claim from the deceased's executors at some future time, after confirmation of the liquidation and distribution account, satisfaction of their claims under the account.

Dit is dus duidelik uit bogenoemde bespreking van Centlivres R dat 'n erfgenaam wel oor 'n gevestigde reg op die erflating beskik ten tye van *dies cedit*, maar dat die erfgenaam nie dadelik die *dominium* van die erflating by die dood van die erflater verkry nie.

Cowen[22] definieer regte as regte waar al die regsfeite wat 'n regstitel konstitueer alreeds geskied of ingetree het. Gevestigde regte[23] omvat ook daardie gevalle waar al die konstituerende feite nog nie ingetree het nie, maar die intrede daarvan in die toekoms seker is, byvoorbeeld termynbepalings. Situasies waar al die noodsaaklike feite nog nie ingetree het nie en dit onseker is of die feite in die toekoms gaan realiseer, beskou Cowen as voorwaardelike regte.

In *Botha v Botha*[24] is bevind deur Eloff R dat 'n legataris eers 'n vorderingsreg[25] verkry by *delatio*. Die feit dat 'n vorderingsreg ontstaan het, bring nie mee dat die reg ook afdwingbaar is nie en gevolglik word terminologies onderskei tussen die oomblik van *delatio* en die tydstip waarop die regte wat by *delatio* ontstaan

---

[22] Cowen 1949 "SALJ" 404 – 407.

[23] Cowen definieer gevestigde regte as regte waar al die regsfeite wat 'n regstitel konstitueer al reeds geskied of ingetree het. Gevestigde regte omvat ook daardie gevalle waar al die konstituerende feite nog nie ingetree het nie, maar die intrede daarvan in die toekoms seker is. 'n Voorbeeld hiervan is termynbepalings. Voorwaardelike regte is volgens hom die gevalle waar al die noodsaaklike feite nog nie ingetree het nie en dit onseker is of die feite in die toekoms gaan realiseer.

[24] In *Botha v Botha en 'n Ander* 1979 3 SA 792(T) het Eloff R beslis dat 'n legataris 'n vorderingsreg ten opsigte van die nalatenskap wat hom toekom in die boedel van die erflater verkry by *delatio*.

[25] Die term vorderingsreg het vir doeleindes hiervan dieselfde betekenis as 'n reg wat alreeds gevestig het, maar onderworpe is aan 'n termynbepaling waarna dit sal oorgaan in 'n gevestigde saaklike reg.

het, afdwingbaar is. Dit word aan die hand gedoen dat hier nou juis sprake is van 'n voorwaardelike (gevestigde) reg. Die voorwaarde is daarin geleë dat die reg eers later geniet kan word. Die oomblik van *delatio* staan bekend as *dies cedens legati* (die oomblik wanneer die legataris sy vorderingsreg kry), terwyl die oomblik wanneer die vorderingsreg afdwingbaar (onvoorwaardelik) word, *dies veniens legati* genoem word.[26]

Dit is vir doeleindes van hierdie studie ook belangrik om vas te stel wat die term "gevestigde regte" en "voorwaardelike regte" in die kontraktereg beteken. Volgens Strydom wil dit voorkom asof die begrippe "gevestigde regte" en "voorwaardelike aansprake" in die kontraktereg in wese dieselfde betekenis het as wat in die erfreg die geval is. Die belangrikste onderskeid is daarin geleë dat waar in die erfreg van termynbepalings gepraat word, die kontraktereg na tydsbepalings verwys.[27]

### *3.2 Voorwaardelike regte*[28]

Volgens Strydom[29] bestaan daar twee vereistes vir die bestaan van 'n voorwaardelike "reg" of "regte". Dit is dat (a) daar 'n moontlikheid moet bestaan dat 'n bepaalde gebeurtenis in die toekoms kan intree en (b) dat dit seker moet wees dat die intrede van die gebeurtenis sonder meer 'n gevestigde reg sal laat

---

[26] Sien par 3.1 hieronder vir 'n bespreking van die begrippe *dies cedit* en *dies venit* en die toepassing daarvan op vestiging van regte.

[27] Strydom *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 173.

[28] Die belangrikheid van die ondersoek na voorwaardelike regte is daarin geleë om vas te stel of voorwaardelike regte vatbaar is vir sekwestrasiedoeleindes. Derhalwe moet bepaal word of voorwaardelike regte getipeer kan word as "goed" in terme van artikel 20 van die *Insolvensiewet*. Artikel 20 omskryf goed as insluitend voorwaardelike regte. Vir doeleindes van hierdie bespreking is die omskrywing van "boedel" kragtens artikel 20(2) van die *Insolvensiewet* baie insiggewend. Die boedel van 'n insolvent sluit in alle goedere van die insolvent op die dag van sekwestrasie asook alle goedere wat gedurende sekwestrasie deur die insolvent verkry mag word en aan hom mag toeval. Is die voorwaardelike reg wat aan 'n erfgenaam by *delatio* toeval die "goed" wat in die boedel van die insolvent val soos bedoel deur die wetgewer? Indien wel, sal dit beteken dat die voorwaardelike aanspraak wat in 'n erfgenaam by *delatio* vestig, in die erfgenaam se boedel sal ressorteer en gevolglik sal repudiasie van 'n erfenis neerkom op 'n daad van insolvensie.

[29] Strydom *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 173.

ontstaan. Indien dit onseker is of die intrede van die gebeurtenis sonder meer 'n gevestigde reg sal meebring, ontstaan geen "voorwaardelike reg" in die enge sin volgens Strydom nie.

Strydom[30] doen aan die hand voor dat voorwaardelike regte in die wye sin op al die aansprake op 'n objek waarvan die afdwinging in die toekoms onseker is en dus as "nie onvoorwaardelik" beskou kan word. Hierdie aansprake is vir die skrywer niks meer as 'n *spes* nie, want wat die persoon verkry is slegs die verwagting om eendag te erf.[31]

Die verskil tussen voorwaardelike regte in die eng en breë sin setel volgens Strydom in die aanwesigheid of afwesigheid van sekere konstituerende feite. Strydom voeg by dat voorwaardelike regte slegs daardie regte omvat wat deur die reg as beskermingswaardig beskou word. Strydom sê verder dat voorwaardelike regte in die eng sin dieselfde is as gevestigde regte wat onderworpe is aan termynbepalings.[32]

Corbett[33] maak die volgende stelling ten opsigte van die relevante inhoud en omvang van regte vir sekwestrasiedoeleindes:

> A vested right is therefore transmissible to the successors of the beneficiary on death or insolvency... On the other hand a contingent right does not form an asset in the beneficiary's estate on death or insolvency.

Dit word met respek aan die hand gedoen dat dit wat Corbett met "contingent rights" bedoel juis voorwaardelike regte in die breë sin is waarna Strydom verwys. Indien dit die geval is, word met eerbiede saamgestem met die skrywer. Daar moet onthou word dat soos reeds gestel 'n gevestigde reg steeds

---

[30] Strydom S *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 173.
[31] Sien par 3.3 hieronder.
[32] Strydom *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 333.
[33] Corbett *The Law of Succession* 136.

onafdwingbaar kan wees weens die nie-nakoming van byvoorbeeld 'n tydsbepaling.[34]

Volgens Meskin en Kunst[35] sluit die statutêre beskrywing van "goed" die volgende voorwaardelike aansprake in:

> A contingent interest, in context, means an interest which "may ripen into a vested interest on the happening of an event, but it must be such that the happening of the event, without more, gives the vested interest. A person cannot be said to have a contingent interest in something which may or may not choose to give him in the future.

Hockly[36] beskryf voorwaardelike aansprake as volg:

> Property includes contingent interests in property other than the contingent interest of a fideicommissary heir or legatee.

Volgens Corbett[37] is voorwaardelike aansprake[38] nie vatbaar vir doeleindes van sekwestrasie nie, maar slegs gevestigde regte.[39]

Strydom doen aan die hand dat die verskil in die standpunte van die skrywers verklaar kan word deur te verwys na wat die onderskeie skrywers as doelwit in gedagte het wanneer hulle na die terminologie van die kwessie van vestiging van regte verwys. Hy sê dat as die skrywer op die terrein van die erfreg van gevestigde regte of voorwaardelike aansprake praat, het hulle hoofsaaklik die vererwing van aansprake in gedagte.

---

[34] Sien Strydom se eng beskrywing van voorwaardelike regte in par 3.2 hieronder.
[35] Meskin en Kunst *Insolvency Law* 5.1 en Boraine *Insolvensiereg* 695.
[36] Hockly *The Law of Insolvency* 171 en Boraine *Insolvensiereg* 695.
[37] Corbett *The Law of Succession* 136.
[38] Skrywer is van mening toegedaan dat Corbett voorwaardelike regte in die wye sin in gedagte het wanneer hierdie stelling gemaak word.

Strydom[40] sê dat aangesien die normale gevolg van gevestigde regte die vererfbaarheid daarvan is, die onderskeid tussen gevestigde regte en voorwaardelike aansprake baie deeglik en duidelik deur die skrywers getref word. Voorwaardelike aansprake is volgens Strydom nie vererfbaar nie en daarom het dit irrelevant vir die erfreg geword om "voorwaardelike aansprake" presies af te baken. Dit is volgens hom die rede waarom skrywers op die erfregtelike terrein die term "voorwaardelike aansprake" onafgebaken as versamelnaam vir nie-gevestigde regte aanwend.[41]

In *Wessels* het die hof die vraag rondom die vestiging van regte hoofsaaklik uit 'n kontrakteregtelike hoek beskou en daarvolgens beslis.[42] In hierdie saak het die appellant[43] betoog dat die "regte" wat die insolvent[44] in die gepostuleerde geval verkry het, roerende goed is. Die appellant het aan die hand gedoen dat die "reg" om gedurende insolvensie 'n skenkingsaanbod te aanvaar, ook 'n "reg" is wat in die kurator setel. Hiermee wil die skrywer homself vereenselwig. Dit is my gevoel dat die bevoegdheid wat die erfgenaam verkry wel in die kurator setel. My argument hiervoor is dat die bevoegdheid wat die erfgenaam verkry reeds voor aanvaarding (adiasie) 'n "reg" verteenwoordig, want aanvaarding (adiasie) is nie nodig vir die regte om te vestig nie.

Soos hierbo gesien[45] stel die hof in *Wessels* dit duidelik dat die bevoordeelde slegs oor 'n bevoegdheid beskik om die voordeel te aanvaar.[46] Die probleem wat ek hiermee het is geleë in die feit dat die adiasie nie uitgeoefen hoef te word ten einde die voordeel te ontvang nie en uitdruklike adiasie is nie 'n vereiste nie,

---

39 Hierdie regte is volgens Strydom gelyk aan voorwaardelike regte in die eng sin. Dit is ook die skrywer se siening.
40 Strydom *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 332.
41 Strydom *Die aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg 330.*
42 Die hof het beslis dat die versekeringsvoordeel in beding ten behoewe van 'n derde (*stipulation alteri*) is, waar daar geen regte vir die bevoordeelde ontstaan voor aanvaarding nie.
43 In hierdie saak was die kurator, die appellant (De Jager) gewees.
44 Daar word na Meneer Wessels as die insolvent verwys.
45 Sien par 1 hierbo waar die hof in *Wessels* sy beslissing op die beginsel van die kontraktereg grond.

want dit val outomaties in sy boedel sou hy nie repudieer nie. Hy hoef met ander woorde nie te adieer nie. Wat die bevoordeelde myns insiens verkry is 'n reg (bevoegdheid), maar wat hy kan weier. Dit is steeds 'n "voorwaardelike reg", want die erfgenaam kan besluit (voorwaarde) of hy die erfenis wil repudieer.

Hierdie argument kan verder verduidelik word deur na die posisie van 'n krediteur wat in besit is van 'n skuldbewys, te verwys. Die krediteur het by afloop van die ooreenkoms die reg om die geld wat die skuldenaar hom skuld op te eis. Dit word tog nie van die skuldeiser verwag om eers te adieer alvorens 'n reg in hom vestig nie. Selfs al adieer hy nie beteken dit nie dat hy nie gevestigde regte het nie. Indien hy dit nie doen nie beteken dit dus dat hy nie gevestigde regte het nie. Daar moet in gedagte gehou word dat indien hy nie die geld opeis nie, kan die ontvanger van inkomste dit as 'n skenking beskou vir doeleindes van inkomstebelasting.

Hierdie "reg" as "voorwaardelike reg" moet in die insolvent se boedel val, want sou hy nie repudieer nie word aanvaar dat daar geadieer is. Die skrywer is van mening dat daar inderdaad geen verskil bestaan tussen 'n reg soos in die Wessels-geval en 'n gevestigde (voorwaardelike) reg soos in die eng benadering van Strydom nie.[47]

In die *Insolvensiewet*[48] word die voorwaardelike aansprake van 'n fideikommissêre erfgenaam en 'n legataris wetlik gereël. Volgens die *Insolvensiewet*[49] is sodanige regte nie goed nie. Indien 'n legataris of 'n fideikommissêre erfgenaam ten tye van erflating insolvent is beteken dit dat die

---

[46] Hierdie siening is in lyn met die kontrakregtelike beginsel van *stipulation alteri* waar geen regte vestig voor aanvaarding nie.

[47] Skrywer is dit eens met die siening van Strydom deur dat voorwaardelike regte in die eng sin sulke regte is waar daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n bepaalde gebeurtenis in die toekoms kan intree en dat dit seker moet wees dat die intrede van die gebeurtenis sonder meer 'n gevestigde reg sal laat ontstaan. Indien dit onseker is of die intrede van die gebeurtenis 'n gevestigde reg sal meebring, ontstaan geen "voorwaardelike reg" in die eng sin nie. Hierdie reg is dan 'n voorwaardelike reg in die wye sin wat niks anders is as 'n *spes* nie.

[48] *Insolvensiewet* 24 van 1936.

[49] *Insolvensiewet* 24 van 1936.

kurator van die insolvente boedel nie op die bate beslag kan lê en onder die skuldeisers verdeel nie.[50] Die afleiding kan dus hier gemaak word dat die voorwaardelike regte van 'n fideikommissêre erfgenaam en legataris nie deel vorm van die intestate boedel van die insolvent nie. Die skrywer doen aan die hand dat die wetgewer sekerlik bewus moes gewees het van die posisie van gewone erfgename en het doelbewus nie hul regte om te erf uit die omskrywing van "goed" weggelaat nie.

Ingevolge die *Konsepwetgewing en Verklarende Memorandum van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na die Hersiening van die Insolvensiereg* 34 word voorgestel dat die uitsluiting van die "voorwaardelike reg van 'n fideikommissêre erfgenaam of legataris" by die definisie van "goed" weggelaat moet word.[51] Die wysiging wat deur die kommissie voorgestel word is in lyn met die skrywer se siening, deurdat alle gevestigde regte selfs al is dit nog voorwaardelik in die sin van gebonde aan 'n termynbepaling , tog "goed" behoort te wees.

Indien die voorgestelde uitsluiting 'n realiteit sou word sal dit tot gevolg hê dat die voorwaardelike regte van 'n legataris en 'n fideikommissêre erfgenaam nie meer wetlike beskerming geniet by insolvensie nie.[52] Gevolglik sal die voorwaardelike regte van die legataris en fideikommissêre erfgenaam in die insolvente boedel val en op beslag gelê kan word – net soos die posisie behoort te wees met ander erfgename.

### *3.3 "Spes"*

Die sogenaamde *spes siccionis* is 'n aanspraak of verwagting en word onderskei van 'n gevestigde reg en voorwaardelike aanspraak. Dit wat Strydom sien as voorwaardelike regte in die breë sin is waarskynlik niks anders as 'n *spes* nie.

---

[50] Eie beklemtoning.
[51] *Konsepwetgewing en Verklarende Memorandum van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na die Hersiening van die Insolvensiereg* 34. Hiernagenoem die Regskommissie.
[52] Eie beklemtoning.

Dit is 'n verwagting wat 'n moontlike of potensiële erfgenaam het om in die toekoms by die testateur se afsterwe van laasgenoemde te erf.[53] Die vroegste tyd waarop 'n erfgenaam gevestigde regte op 'n testamentêre bevoordeling kan verkry is die dood van die erflater en dus spreek dit vanself dat die "aanspraak" op 'n potensiële bemaking voor die afsterwe van die erflater die vorm van een of ander voorwaardelike aanspraak aanneem.[54]

Die vraag wat vir doeleindes van hierdie bespreking ontstaan is of 'n blote *spes* vatbaar is vir doeleindes van sekwestrasie. In hierdie verband is veral Hockly[55] se werk baie insiggewend. Hy meld dat die howe by verskeie geleenthede moes beslis oor die gevalle waar op aansprake ingevolge testamente vir sekwestrasiedoeleindes beslag gelê is.

Hy meld dat die howe in die negentiende eeu bevind het dat selfs "a mere expectancy" (*spes successionis)* binne die gesekwestreerde boedel van 'n erfgenaam geval het.

Later het die howe tot die slotsom gekom dat ingevolge ordonnansie 6 van 1843 (Kaap) slegs daardie aansprake uit 'n testament wat as gevestig beskou kon word, binne die insolvente erfgenaam se gesekwestreerde boedel geval het.[56]

Om dus op te som:

i) Regte kan gevestig wees alhoewel dit steeds onderworpe aan tyd- of termynbepalings (*dies cedit* en *dies venit*) kan wees. Hierdie regte is op grond van bogenoemde argumente deel van die definisie van "goed".

---

[53] Strydom *Die Aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* 347.
[54] *Ibid.*
[55] Hockly *The Law of Insolvency* 181.
[56] Hockly *The Law of Insolvency* 182 word gemeld dat die howe as gevolg van twee redes tot hierdie besluit gekom het. Die eerste was as gevolg van die verskillende taalgebruik in die Engelse en Kaapse wetgewing en tweede een omrede die b.g. ordonnansie vir 'n "divesting" van die insolvent se bates voorsiening gemaak het. Die argument was dat 'n "divesting" slegs moontlik is na 'n "vesting".

ii) Volgens Strydom se eng definisie verskil voorwaardelike regte weinig van gevestigde regte onderworpe aan termyn of tydsbepalings en vorm ook deel van "goed" soos in die definisie beoog.

iii) Alle ander "voorwaardelike regte" is maar 'n blote *spes* en vorm nie deel van "goed" nie.[57]

[57] Dit is in lyn met Strydom se siening van voorwaardelike regte in die wye sin.

## 4 Repudiasie van 'n bemaking

In die Suid-Afrikaanse reg staan die adiasie en repudiasie van 'n erfenis al vir ongeveer 150 jaar vas.[58] Dit wil sê indien daar geadieer word, word regte verkry en indien gerepudieer word, word die regte verwerp. In die algemeen sal die erfgenaam slegs baat indien hy die erfenis adieer. Soos reeds hierbo[59] gesien, word daar nie vereis dat 'n erfgenaam 'n spesifieke handeling moet verrig alvorens hy die erfenis kan kry nie. In die praktyk word aangeneem dat 'n bevoordeelde die voordeel aanvaar, tensy hy dit uitdruklik verwerp.[60] Daar bestaan klaarblyklik uiteenlopende menings in ons regspraak wanneer dit gaan oor die vraag of repudiasie van 'n erfenis wel 'n daad van insolvensie is. Hierdie verskillende menings word vir doelmatigheidsredes gegroepeer volgens die posisie voor- en na die *Wessels* uitspraak.

### *4.1 Die posisie voor Wessels*

Die reg aangaande die repudiëring van 'n erfenis is voor *Wessels* gekenmerk deur onsekerheid en as gevolg daarvan het die howe verskeie teenstrydige uitsprake in hierdie verband gelewer.[61] In sommige van hierdie sake het die regte in die hande van die kurator gevestig en in ander sake nie.

Ten einde die verskillende uitsprake van die howe sistematies te illustreer moet die sake wat hier bespreek word in denkrigtings verdeel word. Dit word gedoen deur die sake waar beslis is teen vestiging van regte in die kurator te onderskei van dié waar beslis is ten gunste van vestiging in die kurator. Die eerste

---

[58] *Kellerman v Van Vuuren* 1994 4 SA 336 (T); *Klerck and Schärges v Lee* 1995 3 SA 340 (SOK); *Van Schoor's Trustee v Executor of Muller* (1858) 3 Searle 131; Gane "The Selective Voet" (Voet 42.8.16) 422.

[59] Sien par 3.2 hierbo.

[60] *Crooks and Another v Watson* 1956 1 SA 277 (A) 298.

[61] Sien *Kellerman NO v Van Vuuren and Others* 1994 4 SA 336 (T), *Klerck and Shärges NNO v Lee and Others* 1995 3 SA 340 (SOK) 343 en *Boland Bank Bpk v Du Plessis* 1995 4 SA 113 (T) in hierdie verband.

groepering gaan genoem word die Kellerman-denkrigting en die tweede die Boland Bank-denkrigting.

*4.1.1 Kellerman-denkrigting*

Onder hierdie denkrigting val die *Kellerman v Van Vuuren and Others*[62] en die *Klerck and Schärges v Lee*[63] -sake.

In die *Kellerman*-saak het die kurator van die insolvente boedel 'n aansoek gebring ten einde die repudiasie deur die insolvent van sekere regte wat hy in sy vader se bestorwe boedel verkry het, tersyde te stel.[64] Die repudiasie het ongeveer twee weke voor die sekwestrasie van die insolvent plaasgevind. Die hof bevind dat die doel van die repudiasie was om te verhoed dat die erfenis in die insolvent se boedel figureer en onder die skuldeisers verdeel word.

Namens die applikant is betoog dat die repudiëring van die reg om eiendom te verkry 'n vervreemding sonder teenwaarde was wat in terme van artikel 26 van die *Insolvensiewet* tersyde gestel kan word. Daar is verder betoog dat met die dood van die insolvent se vader *dies cedit* plaasgevind het en dat die reg op die erflating in die insolvent gevestig het. 'n Voordeel het met ander woorde ontstaan en die kurator voer aan dat hierdie voordeel, deel van die insolvente boedel gevorm het en dat die reg slegs deur repudiasie verbeur kon word. Die betoog is dat die repudiasie 'n beskikking is kragtens artikel 26 van die *Insolvensiewet* gelees met die omskrywing van 'vervreemding' in artikel 2[65] van die *insolvensiewet* en moet daarom tersyde gestel word.

Die hof hou voor dat die applikant 'n goeie argument voorhou, maar is nie bereid om van die regsposisie wat meer as eenhonderd jaar in Suid-Afrika geld, te wyk nie. Goldblatt R verwys ter stawing na die Kaapse saak van *Van Schoor's*

---

[62] *Kellerman v Van Vuuren and Others* 1994 ($) SA 336 (T).
[63] *Klerck and Schärges v Lee* 1995 3 SA 340 (SOK).
[64] Die kurator het staatgemaak op a 26 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936.
[65] Sien 'n beskrywing van a 2 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936 in par 4.2 hierbo.

*Trustees v Executors of Muller.*[66] 'n Volbank het by monde van Watermeyer R die volgende gesê:

> A child may decline to adiate an inheritance, or may repudiate it, with the very object that the amount which would otherwise go into his estate should be lost to his creditors; as there can be no alienation of what is omitted to be required (Voet 42.8.16). If the child on the brink of insolvency may decline to adiate absolutely, he may decline, where he has an election between the acceptance of the 'legitimate' free, and of the whole inheritance burdened, to accept the latter instead of the former, although the acceptance of the 'legitimate' might be more in accordance with the interests of his creditors.[67]

Dieselfde hof verwys soos volg na Voet se standpunt:[68]

> Nevertheless, it does not fall under the term, 'alienation made to defraud creditors', if when a debtor might be able to acquire something, he does not act in such a way as to acquire it. That is because this edict of the *praetor* applies to those who cut down their risks, and not to those who do not avail themselves of a condition for acquiring, that is to say to act in such a way that they do not become richer. Nor are those persons property understood to alienate who merely pay no attention to a right of possession.

In Titel 8 verklaar Voet:[69]

> This is so even though the debtor who rejects the inheritance was such that a legitimate portion was due to him according to the laws out of that inheritance. The reason for this is that it is quite certain that the legitimate portion is no more accrued than did the rest of the inheritance to the son or the other person like him during the lifetime

[66] *Van Schoor's Trustees v Executors of Muller* (1858) 3 Searle 131.
[67] *Van Schoor's Trustees v Executors of Muller* (1858) 3 Searle 131 137.
[68] Gane *The Selective Voet* (Voet 42.8.16) 422.
[69] Gane *The Selective Voet* (Voet 42.8.8) 414.

> of him out of whose goods it was to be furnished. Thus, when conferred after the death of the father, it could also have been rejected just as much as the rest of the inheritance, and he who rejects it is not in that way cutting down anything out of his estate, but is acting for the sole purpose that he may not acquire a thing which in accord of that has already been said, is not forbidden to him.

Ten slotte voer Voet aan:[70]

> Thus, although a legacy is retrospectively the property of a legatee unless it is rejected, still when it is rejected it is clear that retrospectively it never belonged to him.

Indien die legaat sou adieer sal die reg op die voordeel 'n bate in sy boedel vorm. Indien die legataris sou repudieer, word die legaat verwerp en het dit nooit aan hom behoort nie. Die reg op die legaat het dus nooit deel van die legataris se boedel gevorm nie. Goldblatt R bevind dat die reg vir 'n lang tyd vasstaan en gevolglik kan daar nie daarvan afgewyk word nie.

Sonnekus[71] stem saam en sê dat Voet[72] se teorie gebaseer is op die Romeinse- en Romeins-Hollandse reg. Hierdie regstelsels verskil heelwat van die hedendaagse moderne regstelsels en perk die toepassing van verandering van ons tye in.

Oosthuizen[73] stem ook saam en sê dat die begrip "erflating" oftewel "erfregtelike bevoordeling" 'n ander betekenis en gevolge het as wat die geval in die Romeinse- en Romeins-Hollandse reg met betrekking tot die begrip *hereditas*

---

[70] *Ibid.*
[71] Sonnekus *Adiasie, insolvensie en historiese perke aan die logiese* 1996 TSAR 240 doen aan die hand dat Voet se teorieë nie meer in voeling met die veranderinge van die moderne erfreg is nie.
[72] Gane *The Selective Voet* (Voet 42.8.16) 422.
[73] Oosthuizen *Die repudiëring van 'n erfenis en die rol van boedelbeplanning in hierdie verband* 22.

was. Hy voer ook aan dat Voet nie meer in die spesifieke geval op ons hedendaagse reg van toepassing gemaak kan word nie, wat weer die korrektheid van die uitsprake in *Kellerman*[74] en *Klerck*[75] in gedrang bring.

In *Klerck and Schärges v Lee and Others*[76] het dieselfde vraag as in die *Kellerman*[77]-saak na vore gekom. In hierdie saak is die langslewende gade ingevolge 'n testament van meneer en mevrou Lee as enigste erfgenaam en eksekuteur van eerssterwende se boedel benoem. Mevrou Lee is op 13 Februarie 1992 oorlede, maar meneer Lee, wie se boedel op 2 Junie 1993 finaal geregistreer is, het die erflating ingevolge die gesamentlike testament gerepudieer.

Soos in die *Kellerman*[78]-saak het die vraag ontstaan of die repudiëring op 'n vervreemding sonder teenwaarde, soos in artikel 26 van die *Insolvensiewet* bedoel, neerkom. Die twee eisers, die gesamentlike kurators in meneer Lee se insolvente boedel, voer aan dat meneer Lee se repudiasie 'n beskikking sonder teenwaarde is en eis tersydestelling daarvan kragtens artikel 26 van die *Insolvensiewet.*

Namens die eisers is aangevoer dat die *Kellerman*[79]-saak verkeerd beslis is. Daar is betoog dat meneer Lee die reg om te adieer met die dood van sy eggenote *(dies cedit)* verkry het. Daar is verder betoog dat die reg om te adieer eiendom is wat aan die boedel behoort. Die betoog is daarop gebaseer dat die reg om te adieer outomaties binne die boedel val by *dies cedit.* Die argument van die skuldeisers word gemotiveer deur op die volgende gesag te steun,

---

[74] *Kellerman v Van Vuuren and Others*1994 4 SA 336 (T).
[75] *Klerck and Schärges v Lee and Others* 1995 3 SA 340 (SOK) 343.
[76] *Klerck and Schärges v Lee and Others* 1995 3 SA 340 (SOK).
[77] *Supra.*
[78] *Supra.*
[79] *Supra.*

naamlik *Brown v Oosthuizen,*[80] en *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe*[81] en spesifiek hierin:

> What is vested in the heirs (on the death of the deceased) is the right to claim from the deceased's executors at some future time, after confirmation of the liquidation and distribution account, satisfaction of their claims under that account. See *Estate Smith v Estate Follet* 1942 AD 364 at 383. The right to make such a claim, no doubt, vests in the heirs on the death of the deceased, and they may be said to have *dominium* of this right, although it is not immediately enforceable.

Melunski R verwerp hierdie beslissing en steun ook op Voet 42.8.16:

> In 42.8.16 he makes it clear that 'not to acquire is not to alienate' and adds that no alienation occurs when a person rejects an inheritance. This statement of law, which is accepted by Corbett et al (opcit at 14) and which was approved of the case *Van Schoor's Trustee's*, seems to me to be perfectly acceptable.[82]

Melunski R beslis dat repudiëring van 'n erfenis slegs neerkom op die weiering om 'n reg te aanvaar en beklemtoon dat die *Kellerman*[83]-saak korrek beslis is. Hy beslis soos volg:

> In my view it is untenable to hold that a person who refuses to accept a benefit – whether it be a donation or an inheritance – thereby disposes of his property. And the definition of 'disposition' in the *Insolvency Act,* wide as it is, does not cover the instant case. Council for the plaintiffs submitted that a renunciation of an inheritance was an abandonment of rights to property in terms of the aforementioned definitions. It appears to me, however, that a

[80] *Brown v Oosthuizen* 1980 2 SA 155 (O).
[81] *Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe* 1943 AD 656 692.
[82] *Kellerman v Van Vuuren and Others* 1995 3 SA 340 (SOK) 343.
[83] *Kellerman v Van Vuuren and Others* 1994 4 SA 340 (SOK) 343.

> repudiation of an inheritance is merely a refusal to accept a right to property.[84]

Skrywers soos Meskin[85] vereenselwig hulle met die standpunt van Melunsky R in die *Kellerman*[86] uitspraak.

In die Kellerman-denkrigting het die regte dus nie in die kurator gevestig nie.[87] Dit is duidelik dat die *Kellerman*[88] en *Klerck*[89] uit dieselfde era dateer en gevolglik het die onderskeie regters die presedent gevolg wat gebaseer was op Voet se teorie. Die probleem hier tersprake is dat die reg slegs gebaseer word op die ou Romeins- en Romeins-Hollandse beginsels asook die oer-oue beginsels soos gevind in die *Van Schoor's Trustees*[90]-saak. Myn insiens is die probleem met hierdie gesag daarin geleë dat dit nie tred hou met die verwikkelinge wat in die hedendaagse regstelsel plaasvind nie en dat dit nie ruimte laat vir verandering of vernuwing nie.[91]

### *4.1.2 Boland Bank-denkrigting*

Onder hierdie denkrigting staan die *Boland Bank Bpk v Du Plessis*[92] saak.

In hierdie saak is vonnis teen die respondent toegestaan vir 'n sekere bedrag geld wat hy aan die applikant verskuldig was. Die respondent doen toe afstand van 'n sekere bedrag geld wat sy van haar oorlede vader sou erf. Die applikant voer toe aan dat die respondent 'n daad van insolvensie pleeg en steun onder andere op artikel 8(C) van die *Insolvensiewet* .

---

84 Artikel 12(c) van die *Insolvensiewet* 24 van 1936 vereis dat daar rede moet bestaan om aan te neem dat dit tot die voordeel van skuldeisers van die skuldenaar sal strek indien sy boedel gesekwestreer word.
85 Meskin *Insolvency Law* (5 –100).
86 *Supra.*
87 Dit was ook die geval in *Wessels.*
88 *Kellerman v Van Vuuren and Others* 1994 4 SA 340 (SOK) 343.
89 *Ibid.*
90 *Van Schoor's Trustee v Executors of Muller* 1858 Searle 131.
91 Eie beklemtoning.
92 *Boland Bank Bpk Du Plessis* 1995 4 SA 113 (T).

De Klerk R beslis dat die wetgewer by die omskrywing van 'goed' in artikel 2 van die *Insolvensiewet* die moontlikheid van 'n erfenis in gedagte gehad het en dat hy doelbewus slegs 'n fideikommissêre erfgenaam of 'n fideikommissêre legataris uitgeskakel het. Die regter sê dat mens hieruit kan aflei dat die regte van gewone erfgename nie uitgesonder is nie en dat sy reg om te erf doelbewus nie deur die wetgewer uit die omskrywing van 'goed' gelaat is nie. Hiermee stem Kuiler saam.[93]

Die respondent betoog dat die weiering om te adieer nie 'n daad van insolvensie is nie. Daar is beroep op enkele handboekskrywers en ou gesag, maar daar kan nie met duidelikheid bepaal word welke gesag nie want die regter verwys nie na die gesag nie. Oosthuizen[94] se gevoel is dat die *Van Schoor*[95]-saak van die regspraak is waarop die respondent gesteun het. Die regsverteenwoordiger het hom ook daarop beroep dat adiasie nie verpligtend is nie. Die hof was egter van mening dat dit sy plig is om die *Insolvensiewet* toe te pas. Volgens die hof het die handboekskrywers waarna verwys is, nie die implikasie van artikel 8(C), saamgelees met die definisie van 'goed', voor oë gehad nie. Die hof stel dit duidelik dat dit ook geld vir aangehaalde gesag uit die vorige eeu.[96]

Die regter beslis voorts dat adiasie geen opskortende voorwaarde vir die erfregtelike bevoordeling is nie, maar dat repudiëring wel as ontbindende voorwaarde funksioneer. Die hof staan gevolglik die sekwestrasiebevel toe.[97]

In die Boland Bank-denkrigting het die regte weer in die kurator gevestig.

---

[93] Sien par 3 hieronder.
[94] Oosthuizen *Die repudiëring van 'n erfenis en die rol van boedelbeplanning in hierdie verband* 30.
[95] *Van Schoor's Trustee v Execurors of Muller* Searle 131.
[96] Hier kan slegs gespekuleer word na wat die hof met 'aangehaalde gesag uit die vorige eeu' bedoel, maar na my mening word hier na veral Voer en die *Van Schoor's Trustees v Executors of Muller*-saak verwys.
[97] Skrywer vereenselwig hom met hierdie siening.

### 4.2 Die posisie sedert *Wessels*

In *Wessels* het die hof bevind dat 'n reg in regsterminologiese taal nie in die abstrak kan bestaan nie.[98] Die hof sê dat 'n reg een pool van 'n verbintenis is en 'n verpligting die ander pool is. Die hof voeg by dat hierdie twee pole bymekaar gehou word deur 'n kontraktuele band. Hou 'n mens dus in gedagte dat mevrou Wessels 'n versekeringsvoordeel aan die insolvent nagelaat het, kan daar afgelei word dat dit 'n beding ten behoewe van 'n derde is.[99] In hierdie kontrakteregtelike verband bevind die hof heeltemal tereg dat indien 'n versekeringsvoordeel aan die insolvent bemaak word verkry hy slegs 'n bevoegdheid om dit aan te neem. Voor aanname rus daar geen verpligting op die aanbieder nie. Die hof by monde van Van Heerden AJ beslis soos volg ten opsigte van die versekeringsvoordeel:

> Wat die versekeringsvoordeel betref, dat daar deur die medewerking van twee partye 'n aanbod aan die insolvent gemaak is: die gebonde party doen wel 'n verpligting op maar nie teenoor enige iemand anders as sy medekontraktant nie, totdat die aanbod aanvaar word. Daar is gevolglik geen sprake van 'n reg wat die derde onmiddellik by sluiting van die kontrak tot sy voordeel verkry nie. 'n Mens het dus weer met 'n blote bevoegdheid te doen.

Stevens[100] sluit aan by die opvatting dat die vestiging van regte in *Wessels* met 'n *stipulation alteri* soos die geval was in *Hees v Southern Life Association Ltd.*[101] Hy voer aan dat in terme van 'n *stipulation alteri* kontrakteer twee partye naamlik die *promittens* en die *stipulans* met mekaar waarby die *promittens* beloof om 'n bevoordeling aan 'n derde te gee.[102] Soos in die geval van 'n lewensversekeringspolis kontrakteer die versekerde (*stipulans*) met die

---

[98] Uitspraak van Van Heerden AJ in die *Wessels*-gewysde.
[99] Hiermee stem die skrywer saam met die uitspraak van Van Heerde AJ omrede dit 'n kontrakteregtelike *stipulatio alteri* is.
[100] Stevens "R RIP TESTATOR: *Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO* (2000) 230.
[101] *Hees NO v Southern Life Association Ltd* 2000 1 SA 943 (W).
[102] Van der Merwe Contract: *General Principles* (1993) 186.

versekeraar (*promittens*) om 'n reg vir die genomineerde derde (bevoordeelde). Die derde word slegs 'n party tot die ooreenkoms wanneer hy die voordeel aanvaar soos in die *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates*[103] -gewysde beklemtoon is. In hierdie saak is deur die hof beklemtoon dat die derde geen reg op die voordeel het voordat hy nie die voordeel aanvaar nie en gevolglik vorm die voordeel nie 'n bate in sy boedel totdat hy die voordeel aanvaar nie. Hierdie bevinding is myns insiens in lyn met 'n kontrakteregtelike siening en stem ooreen met die bevinding in *Mutual Insurance Co of New York v Hotz.*[104]

In hierdie saak het die hof beslis dat die bevoordeelde die vorderingsreg verkry eers wanneer hy die bevoordeling van die *promittens* aanvaar. Die bevoordeling word eers op die datum van aanvaarding opeisbaar en afdwingbaar. Dit stem ooreen met die bevinding in *Wessels* wat in die lig van die kontraktereg beslis is.

Sonnekus[105] meen dat die reg wel in 'n boedel val indien hy voor repudiasie van die voordeel te sterwe kom. Die rede hiervoor is dat daar nie uitdruklik geadieer hoef te word ten einde 'n erfenis te ontvang nie. Repudiasie is volgens hom 'n uitsondering en indien 'n erfgenaam nie 'n erfenis wil hê nie moet hy uitdruklik repudieer.

Die opmerking van Sonnekus hierbo is in ooreenstemming met die uitspraak in *Durandt v Pienaar.*[106] In hierdie saak is beslis dat indien die erfgenaam sterf voordat hy die keuse kan uitoefen, die erfenis in sy boedel sal val of op die trustee in die geval van 'n insolvente boedel.

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat die hof in *Wessels* die versekeringsvoordeel beskou het en toegepas het in die lig van die kontraktereg. Ingevolge die kontraktereg, en in meer besonder die *stipulatio alteri,* bestaan

---

103 *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A) 172 A – E.
104 *Mutual Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556.
105 Sonnekus J *Adiasie, insolvensie en historiese perke aan die logiese* (1996) 2 *TSAR* 240 – 241. Hiernagenoem Sonnekus.

daar geen regte alvorens die genomineerde nie die versekeringsvoordeel aanvaar nie. Wat vir my egter uitstaan in *Wessels* is die intestate erfenis wat deur die vrou nagelaat is toe sy intestaat te sterwe kom. Die hof bevind soos volg ten opsigte van die intestate erfopvolging:

> Wat die erfenis betref, dat daar weereens in die geval van 'n testate of intestate bevoordeling by die dood van die testateur slegs 'n bevoegdheid en geen reg nie, wat die insolvent toeval. 'n Reg verkry hy eers as hy die bevoordeling aanvaar.

Die probleem wat by die skrywer hier opkom is gebaseer op die veronderstelling dat die hof beide die versekeringsvoordeel en die intestate erfenis op grond van die kontrakteregtelike beginsels bereg het, wat vir my aandui dat die hof 'n kontrakteregtelike vertrekpunt gehad het ten opsigte van die intestate erfopvolging, is die afwesigheid van 'n verduideliking waarom die insolvent by die testateur se dood slegs 'n bevoegdheid en geen reg verkry nie. Die enigste verduideliking wat die hof hiervoor gee is dat 'n reg volgens die hof nie in die abstrak kan bestaan nie want dit is volgens die hof een pool van 'n verbintenis en die ander pool is 'n verpligting. Die terme 'verbintenis' en 'verpligting' dui by uitstek op die verbintenisreg (kontraktereg) waarvan die *stipulatio alteri* deel is, maar nie die intestate erfopvolging nie.

Teenoor *Wessels* staan die *Greenberg*-saak[107] waarin beslis is dat die legataris nie die dominium in die legaat tydens *dies cedit* (dood van die erflater) verkry nie, maar wat hy wel verkry is 'n gevestigde saaklike reg om op 'n toekomstige datum die legaat vanaf die erflater se boedel te verkry. Ek doen met respek aan die hand dat die gemeenregtelike posisie soos dit tans in die kontraktereg (*stipulatio alteri*) toepassing vind nie betrekking het op die intestate erfenis van die insolvent nie. Nieteenstaande die verskil tussen die kontrakteregtelike

---

[106] *Durandt NO v Pienaar NO and Others* 2000 *JOL* 7306 ©. Voortaan *Durandt* genoem.
[107] *Greenberg and Others v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A) 364 G – H.

beginsels en die intestate erfreg pas die hof die bepalings wat by die *stipulatio alteri* tuis hoort netso op die intestate erfreg toe.

## 5 Repudiasie – 'n daad van insolvensie of 'n vervreemding sonder teenwaarde?

Die vraag wat in hierdie gedeelte opkom is tweeledig van aard. Die rede hiervoor is omdat daar vasgestel moet word of die repudiasie enersyds 'n daad van insolvensie is, en andersyds 'n vervreemding sonder teenwaarde in terme van artikels 8[108] en 26[109] van die *Insolvensiewet*. Daar kan geargumenteer word dat indien die repudiasie sou neerkom op 'n daad van insolvensie, die insolvent in terme van artikel 8 van die *Insolvensiewet* gesekwestreer sou kon word. Sou die repudiasie neerkom op 'n vervreemding sonder teenwaarde dan beteken dit dat die kurator die repudiasie in terme van artikel 26 tersyde kon stel.

Daar is reeds vasgestel dat voorwaardelike regte deel vorm van die definisie van 'goed' soos deur die *Insolvensiewet* bepaal[110] en in die omskrywing van artikel 2 hierbo[111] dat voorwaardelike regte deel van die insolvente boedel vorm.[112] Die enigste uitsluiting van voorwaardelike regte kragtens artikel 2 van die *Insolvensiewet* heet die regte van 'n fideikommissêre erfgenaam en legataris. Uit die definisie kan daar dus afgelei word dat alle voorwaardelike regte, behalwe dié van 'n legataris of fideikommissêre erfgenaam, deel van die insolvente boedel vorm.

Ek is van oordeel dat daar geen onderskeid tussen 'n vorderingsreg en 'n voorwaardelike reg in die eng sin gemaak kan word nie. Ek wil selfs verder gaan as om te sê dat indien 'n erfgenaam 'n voorwaardelike by *delatio* verkry, hoef hy geen verdere handeling (adiasie) te verrig om uiteindelik die bemaking (dominium) te ontvang nie. Hy hoef nie te adieer nie. Indien die situasie

---

[108] Artikel 8 van die *Insolvensiewet* bepaal dat 'n skuldenaar 'n daad van insolvensie pleeg as hy sy goed op só 'n wyse vervreem of poog om te vervreem dat sy skuldeisers daardeur benadeel word.
[109] In terme van artikel 26 van die *Insolvensiewet* kan die trustee van 'n insolvente boedel by die hof aansoek doen om sekere vervreemdings sonder teenwaarde tersyde te stel.
[110] Sien par. 2.2 hierbo.
[111] Sien par, 2 hierbo.
[112] Sien par. 2.2 hierbo.

omgekeer word en denkbeeldig na ons regstelsel gekyk en aanvaar word dat daar gerepudieer word tensy 'n erfgenaam pertinent geadieer het, sou daar geargumenteer kon word dat daar 'n verdere handeling (adiasie) nodig is ten einde die voordeel te ontvang. Indien adiasie benodig was sou daar 'n definitiewe verskil tussen 'n voorwaardelike reg en 'n gevestigde reg vir doeleindes van insolvensie gewees het, want indien hy nie adieer (voorwaarde) nie, sou hy nie die voordeel ontvang (vestiging) nie. Hy sou dus slegs 'n voorwaardelike reg ontvang want hy moet eers adieer voordat hy die voordeel ontvang.

Gesien in die lig van artikels 2 en 8 van die *Insolvensiewet* beteken dit dat voorwaardelike regte in die insolvente boedel val. Voorwaardelike regte[113] val in die beskrywing van 'goed' in terme van die definisie soos in artikel 2 van die *Insolvensiewet* beoog. Voorwaardelike en gevestigde regte is vir doeleindes van insolvensie een en dieselfde ding. Dus moet repudiasie van 'n voorwaardelike reg as 'n daad van insolvensie konstitueer.
Die tweede aspek handel oor die vraag of repudiasie 'n vervreemding sonder teenwaarde is. Vervreemding word in artikel 2 kortliks aangehaal net om dit nie uit die oog te verloor nie. Dit lui soos volg:

> 'n oordrag of afstand van regte op goed en omvat 'n verkoop, huur, verband, pand, lewering, betaling, kwytskelding, skikking, skenking of 'n kontrak in die sin, maar omvat nie 'n vervreemding tot voldoening van 'n order van die hof nie.

Artikel 26(1) van die *Insolvensiewet* word ook net kortliks onder die loep geneem ten einde dit in konteks van hierdie gedeelte te verstaan. Dit lui soos volg:

---

[113] Volgens Strydom moet daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n bepaalde gebeurtenis in die toekoms kan intree en moet dit seker wees dat die intrede van die gebeurtenis gevestigde regte sal laat ontstaan.

> Elke vervreemding van goed sonder teenwaarde kan deur die hof tot niet gemaak word as daardie vervreemding gedaan is deur 'n insolvent.

Ten einde my argument te illustreer gaan ek die aangehaalde gedeelte van artikel 26 hierbo opbreek in segmente en bespreek.

"Elke vervreemding" - Hieruit kan daar afgelei word dat vervreemding repudiasie insluit omdat repudiasie 'n afstanddoening van regte is.[114]

"Van goed" - Goed in artikel 2 van die *Insolvensiewet* sluit voorwaardelike regte op goed in. Ek het reeds aangedui dat voorwaardelike regte en gevestigde regte dieselfde ding is vir doeleindes van insolvensie. Dus sluit "goed" gevestigde regte van 'n insolvent in.

"Sonder teenwaarde" – teenwaarde is die *quid pro quo* wat in ruil vir 'n saak verkry word. Wanneer 'n insolvent 'n saak repudieer kry hy geen teenwaarde daarvoor nie, want hy doen afstand daarvan.

Na ontleding van die artikel hierbo[115] is dit dus duidelik dat wanneer 'n insolvent 'n erfenis repudieer, hy afstand doen van sy regte op goed en hy geen *quid pro quo* vir die afstanddoening kry nie. Myns insiens pas die kriteria van artikel 26 die repudiasiehandeling soos 'n handskoen en is dit 'n vervreemding sonder teenwaarde.

Die gevoel is dus dat wanneer 'n insolvente erfgenaam 'n erfenis repudieer en sodoende verhoed dat die erfenis in die hande van die kurator val, sal die repudiasie nie net 'n daad van insolvensie meebring nie maar ook 'n vervreemding sonder teenwaarde.

---

[114] Sien artikel 2 van die *Insolvensiewet* hierbo.
[115] A 26 van die Insolvensie wet 24 van 1936.

## 6 Gevolgtrekking

Die howe se siening ten opsigte van repudiëring is in die verlede aan die hand van 'n bykans 'geskiedkundige' gesag beoordeel. Dit is veral die werk van Voet wat hier uitstaan. Dit is verstommend om te sien dat die invloed van een invloedryke skrywer die gemenereg tot so 'n mate kan laat stagneer dat dit die metamorfose van die reg van een genre na 'n ander belemmer. Soos reeds hierbo gesien[116] het die hof in *Wessels* 'n sterk kontrakteregtelike aanslag gehad.

Die appèlhof het die *stipulatio alteri* soos dit in die kontraktereg figureer op die feite van die saak toegepas. Eerstens het die hof heeltemal tereg bevind dat geen regte in die insolvent vestig voordat die versekeringsvoordeel nie aanvaar word nie. Dit sê ek omdat die kontraktereg, in die vorm van die beding ten behoewe van 'n derde, nie voorsiening maak vir die vestiging van regte alvorens daar nie adiasie is nie. Die hof se regverdiging hiervoor is geleë in die feit dat 'n reg nie in regsterminologiese taal in die abstrak kan bestaan nie. Volgens die hof is 'n reg een pool van 'n verbintenis (kontrak) en die ander pool is 'n verpligting (lewering). Hierdie terme dui op die boustene (*naturalia*) van die kontraktereg en kan nie *sito sito* op die erfreg toegepas word nie.

Wat die intestate erfenis aanbetref het die hof beslis dat daar, net soos in die geval van die versekeringsvoordeel, geen regte in die insolvent vestig voordat hy nie adieer nie. Die hof gee geen uitgebreide verduideliking vir hierdie bevinding nie en gevolglik is die gebrek daarvan waarskynlik toe te skryf aan die kontrakteregtelike vertrekpunt van die hof.

Die *Greenberg* en *Ex Parte Webb*- gewysdes as teenvoeter vir die *Wessels*-saak het uit die staanspoor 'n suiwer erfregtelike aanslag. Hierdie aanslag kan duidelik gesien word deurdat die hof die moderne erfregtelike posisie uiteensit. Die hof in *Greenberg* beslis soos volg:

---

[116] Sien par. 4 hierbo.

> The position under our modern system of administering deceased estates is that when a testator bequeaths property to a legatee the latter does not acquire the dominium in the property immediately on the death of the testator but what he does acquire is a vested right to claim from the testator's executors at some future date.

Die hof in *Ex Parte Webb* het ook, soos in die geval van *Greenberg,* 'n onderskeid getref tussen *dies cedit* en *dies venit* en beslis dat 'n erfgenaam onmiddelik na die afsterwe van die erflater 'n reg op die saak verkry, maar nie die *dominium* nie.

Dit is dus duidelik uit die *Greenberg* en *Ex Parte Webb*-gewysdes dat regte in die erfgenaam vestig by *dies cedit.*

Daar is dus nie sprake van 'n prestasie as teenpool van 'n reg by die erfreg nie. Ek doen as gevolg van bogenoemde met respek aan die hand dat die kontrakteregtelike beginsels ten opsigte van die vestiging van regte nie in verband met die erfregtelike beginsels van regvestiging gebring kan word nie. Kragtens die *Greenberg* en *Ex Parte Webb*-gewysdes verkry 'n erfgenaam by afsterwe van die erflater reeds gevestigde regte. Soos ek reeds aangedui het bestaan daar geen onderskeid tussen gevestigde- en voorwaardelike regte in die eng sin vir doeleindes van insolvensie nie. Voorwaardelike regte word geag deel te wees van 'goed' in terme van artikel 2 van die insolvensiewet en artikel 8 bepaal dat die vervreemding van 'goed' 'n daad van insolvensie is. Wanneer daar dus in gedagte gehou word dat vervreemding van 'goed' plaasvind en daar geen korresponderende *quid pro quo* daarvoor gekry word nie, kan die vervreemding boonop deur die kurator tersydegestel word.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat die repudiasie van 'n erfenis deur 'n insolvent nie net 'n daad van insolvensie is nie, maar ook 'n vervreemding sonder teenwaarde heet. Ek voel dat die tyd ryp is vir die regskommissie om, veral gesien in die lig van die onlangse *Wessels*-beslissing, die nodige alterasies aan

die definisie van artikel 2 van die *Insolvensiewet*[117] aan te bring om gevestigde regte op goed ook in te sluit en die repudiasie van 'n erfenis deur 'n insolvente erfgenaam as 'n daad van insolvensie en 'n vervreemding sonder teenwaarde te tipeer.

[117] *Insolvensiewet* 24 van 1936.

## BIBLIOGRAFIE

## BOEKE

### B

Botha *Wetsuitleg*

Botha CJ *Wetsuitleg: 'n Inleiding vir Sudente* (Juta Kaapstad 1991)

Boraine *Insolvency*

Boraine A "Insolvensiereg" in Nagel CJ (red) *Basiese Beginsels van die Suid-Afrikaanse Besigheidsreg* 1e uitg. (Lex Patria Pretoria 1992)

### C

Corbett MM ea *The Law of Succession*

Corbett MM ea *The Law of Succession* 1e uitg (Juta Kaapstad 1980)

### D

De Waal, Schoeman en Wiechers *Erfreg Studentehandboek*

De Waal MJ, Schoeman MC en Wiechers NJ *Erfreg Studentehandboek* 2e uitg (Juta Kaapstad 1992)

Du Plessis en Du Plessis *An Introduction to Law*

Du Plessis L en Du Plessis A *An Introduction to Law* 2e uitg (Kaapstad 1995) 145 – 146

**G**

Gane *The Selective Voet*

Gane P *The Selective Voet: Commentary on the Pandects* (Butterworths Durban 1957)

**H**

Hockly *The Law of Insolvency*

Hockly HE *Mars' The Law of Insolvency in South Africa* 7e uitg (Juta Kaapstad 1980)

Honoré en Cameron *The South African Law of Trusts*

Honoré T en Cameron E *Honoré's South African Law of Trusts* 4e uitg (Juta Kaapstad 1992)

**M**

Meskin *Insolvency Law*

PM *Insolvency Law* 8e uitg (Butterworhs Durban 1996)

Meskin en Kunst *Insolvency Law*

Meskin PM en Kunst JA *Insolvency Law and its Operation in Winding-Up* (Diensuitgawe 13) (Butterworths Durban 1999)

**O**

Olivier *Trustreg en Praktyk*

Olivier PA *Trustreg en Praktyk* 1e uitg (De Jager – HAUM Uitgewers Pretoria 1989)

**R**

Reineke *General Principles of Insurance*

Reineke M en Van der Merwe S *General Principles of Insurance* (Kaapstad 1989)

**S**

Steyn *Die Uitleg van Wette*

Steyn LC *Die Uitleg van Wette* 5e uitg (Juta Kaapstad 1981)

Smith *Law of Insolvency*

Smith C *The Law of Insolvency* (Butterworths Durban 1988)

**V**

Van der Merwe en Rowland *Die Suid-Afrikaanse Erfreg*

Van der Merwe NJ, Rowland CJ en Cronjé MB *Die Suid-Afrikaanse Erfreg* 6e uitg (JP van der Walt & Seun 1990)

**TYDSKRIFTE**

**C**

Cowen 1949 SALJ

Cowen DV "Vested and Contingent rights" 1949 SALJ 404 – 421

**K**

Kuyler 1996 DR

Kuyler L "Kan 'n insolvente erfgenaam 'n erfenis repudieer?" 1996 De Rebus 589-591

**S**

Sonnekus 1996 TSAR

Sonnekus JC "Adiasie, insolvensie en historiese perke aan die logiese" 1996 TSAR 240 – 254

Stevens 2000 SALJ

Stevens R "RIP TESTATOR: Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO" 2000 SALJ 230 - 236

**V**

Van der Merwe 1965 THRHR

Van der Merwe MJ "Spes fideicomissii of ius in personam ?" 1965 THRHR 138 –141

Van Zyl 1983 Annale, Universiteit van Stellenbosch

Van Zyl FJ "Universele erfopvolging in die Suid-Afrikaanse erfreg" 1983 Annale, Universiteit van Stellenbosch 232 –233

## VONNISREGISTER

### A

*Administrator Estate Davies v Administrators Estate Glaisher* 1982 4 SA 184

*Agricultural and Industrial Mechanisation (Vereeniging) (Edms) Bpk v Lombard* 1974 1 SA 291 (O) 293 - 294

### B

*Brown v Oosthuizen* 1980 2 SA 155 (O)

*Botha v Botha en 'n Ander* 1979 3 SA 792 (T)

### C

*Chenile Industries v Vorster* 1953 2 SA 691 (O) 698

*Commissioner for Inland Revenue v Estate Crewe and Another* 1943 AD 656

*Crookes NO v Watson* 1956 1 SA 277 (A)

### D

*De Villiers NO v Maursen Properties (Pty) Ltd* 1983 4 SA 670 (T) 676

*Du Plessis v Pienaar NO and Others* 2003 1 SA 671 (SCA)

*Durandt NO v Pienaar NO and Others* 2000 JOL 7306 (C)

**E**

*Estate Smith v Estate Follet* 1942 AD 364

*Estate Wege v Strauss* 1932 AD 76

*Ex Parte Harris: In Re Estate McGreggor* 1985 4 SA 302 (C)

**G**

*Goliath v Estate Golliath* 1937 CPD 312

*Greenberg v Estate Greenberg* 1955 3 SA 361 (A)

**H**

*Hees NO v Southern Life Association Ltd* 2000 1 SA 943 (W)

**J**

*Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd* 1984

**K**

*Kellerman v Van Vuuren* 1994 4 SA 336 (T)

*Klerck and Schärges NNO v Lee and others* 1995 3 SA 340 (SOK)

**M**

*Meyer v Transvaalse Lewendehawe Koöperasie Bpk* 1982 4 SA 764 (A)

*Mutual Life Insurance Co of New York v Hotz* 1911 AD 556

**N**

*Nahrungsmittel GmbH v Otto* 1991 4 SA 414 (C) 425 - 426

**S**

*Stern and Ruskin v Appleson* 1951 3 SA 800 (W)

**V**

*Van Schoor's Trustees v Executors of Muller* (1853) Searle 131

*Vorster v Steyn* 1981 2 SA 831 (O)

**W**

*Walsh v Kruger* 1965 2 SA 765 (E)

*Watson v Burchell* 1891 9 SC 25

*Wessels NO v De Jager en 'n Ander NNO* 2000 4 SA 925 (SCA)

**WETGEWING**

*Insolvensiewet* 24 van 1936

*Wet op Hereregte* 40 van 1949

**PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS**

**B**

Bekker *Afstanddoening van 'n Reg*

Bekker *Afstanddoening van 'n Reg op 'n Erflating – 'n Vervreemding vir Doeleindes van Artikel 26 van die Insolvensiewet* 24 van 1936? (LLM – skripsie Universiteit van Pretoria 1997)

**O**

Oosthuizen *Repudiëring*

Oosthuizen WM *Die Repudiëring van 'n erfenis en die rol van boedelbeplanning in hierdie verband* (LLM – skripsie Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 1998)

**S**

Strydom *Trustfiguur as Testamentêre Boedelbeplanningstegniek met die oog op sekwestrasie*

Strydom S *Die Bruikbaarheid van die Trustfiguur as Testamentêre Boedelbeplanningstegniek met die oog op Sekwestrasie van die Erfgename* (LLM – skripsie Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 1997)

Strydom Aansprake van Trustbegunstigde

Strydom S *Die aansprake van 'n Trustbegunstigde in die Suid-Afrikaanse Trustreg* (LLD – proefskrif Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 2000)

**O**

Olivier *Aspekte insake Trust en Trustee*

Olivier PA *Aspekte van die Reg insake Trust en Trustee met besondere verwysing na die Amerikaanse Reg* (LLD – proefskrif Universiteit van Pretoria 1982)

**VERSLAE, KOMMISSIES EN BEGROTINGSREDES**

Suid-Afrika (Republiek) *Konsepwetgewing en Verklarende Memorandum van die Suid-Afrikaanse Regskommissie na die Hersiening van die Insolvensiereg in Suid-Afrika: Besprekingsdokument 86* Vol 1 (Pretoria 1999)